TOESTEMMING/VRYWARINGSVORM VIR A2J KAMP BY NOORDHOEK (21-23 Februarie 2025)

Die 21ste Februarie vanaf 18:00 tot en met die 23ste Februarie om 11:00 kamp A2J by die Noordhoek kampterrein oorkant Noordhoek Farm Village! Ons gaan sommer net lekker saam kuier, speletjies speel en so mekaar beter leer ken terwyl ons die Here loof en tyd saam met Hom spandeer! Dit bly immers die hoofdoel van die kamp: om tyd saam met God te spandeer, met Sy Woord besig te wees en om saam met mekaar oor God te praat. Ons sien ook vreeslik uit na die *praise & worship* sessies wat ons saans gaan hou! A2J'ers kan om 18:00 arriveer by die kampterrein en ouers kan hul tieners weer die Sondag om 11:00 oplaai. Ons jeugspan sal mooi na die tieners kyk en ons sien uit om saam met julle hierdie naweek te kamp. Die onderstaande toestemmingsvorm (asook mediese gegewens) moet asb. ingevul en ingehandig word vir elkeen wat saamgaan. **Die naweek se koste is R200pp vir die naweek.**

Neem asb. die volgende saam:

- Gemaklike klere vir sport/speletjies (dit kan dalk vuil word) -plakkies/tekkies/swembroek/asook warm klere
- Eetgerei (Bord, beker, papbak, mes, vurk, teelepel en paplepel) en Vadoek -want elkeen was hul eie skottelgoed!
- Hoed/pet/sonbrandmiddel/waterbottel/sonbril
- Sonbrandmiddel
- Flits/koplig
- Slaapsak/beddegoed -koshuis verskaf slaapplek maar nie beddegoed nie
- Bybel, pen en papier
- Toiletware en handdoek
- As jy kan en graag wil kan jy ook 'n klein sakgeldjie saam stuur vir die moontlikheid dat van die tieners (en van die leiers) soms lus raak vir 'n roomys en dan by Kristens' 'n draai maak

Persone wat bepaalde medisyne gereeld moet gebruik, moet 'n voldoende voorraad saambring. Persone wat bepaalde allergieë het, moet dit asb. aan my meedeel. Wat baie belangrik is, is 'n **afskrif van u mediese fonds** (as u oor medies beskik) **se lidmaatskapkaart.**

Kontak gerus vir Rohan van Niekerk by 082 925 9818 of stuur 'n epos na rohan@ngvishoek.co.za vir enige navrae. Ons kan nie wag om jou daar te sien nie!!

Vriendelike groete,
Rohan van Niekerk

TOESTEMMINGSVORM

Hiermee gee ek, ondergetekende, (volle naam)_____ toestemming dat my kind (volle naam) _____ die kamp mag meemaak. Welwetende dat die betrokke verantwoordelike persone alles in hulle vermoë sal doen om die welsyn van my kind te waarborg, sal ondergetekende niemand verantwoordelik hou nie, in die geval van 'n ongeval.

Naam van Mediese fonds:	
Mediese fonds nommer	
Selfoonnommer(s)	

_____ _____

Handtekening van ouer/voog Datum